NG Krokodilrivier, Brits - Voltydse medeleraar vakature.

Die gemeente Krokodilrivier is ‘n semi-plattelandse gemeente in Brits en is een van drie NG gemeentes binne dorpsgrense. Die ekonomie van die dorp is opgemaak uit industrië, mynbou en landbou. Binne die bedieningsveld van die gemeente is daar twee groot hoërskole en verskeie laerskole.
Die gemeente bestaan uit 599 besoekpunte wat in twee blokke van ongeveer 300 besoekpunte per leraar verdeel is. Daar is 980 belydende lidmate en 210 doop lidmate opgeneem in die gemeenteregister.

Die NG Gemeente Krokodilrivier wag aansoeke in vir ‘n voltydse medeleraarspos. Hierdie pos sluit alle leraarspligte volgens Art 9 van die Kerkorde in, maar is nie noodwendig daartoe beperk nie.

Leraarsprofiel:
Die gemeente van Krokodilrivier het ‘n behoefte aan ‘n leraar van die NG Kerk:

- wat ‘n toegewyde kind van die Here is en hom/haarself geroepe voel om die Here in hierdie gemeente te dien en as geestelike leier dinamies na vore te tree binne die gemeente en die gemeenskap,
- met die persoonlikheid en gawes om te identifiseer en te werk met die jonger geslag van ons lidmate, hulle te inspireer, mobiliseer en toe te rus.
- Die klem sal verder val op missionale en evangelisasie gerigtheid,
- met ‘n passie vir verantwoordelike vernuwing,
- wat as ‘n spanwerker gemaklik is met die verskillende bedieningstyle.
- ‘n Teologies-verantwoordbare en dinamiese prediker.

Verantwoordelikhede:

- Die uitbou van die bediening aan alle lidmate met klem op jong mense (voorskool tot naskool).
- Die ontwerp en implimentering van volhoubare strukture en prosesse waarbinne die jeugbediening / jeuggerigte byeenkomste kan plaasvind en uitgebrei kan word.
- Die ontwikkeling van ‘n missionale kultuur in die gemeente en in besonder onder die jeug asook opleiding te verskaf rakende gesins- en ouerskapvaardighede.
- Nakom van alle ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.

Voordele:

- Vergoeding is onderhandelbaar tot ‘n maksimum van skaal 8 volgens die handleiding van die Sinodale skale.
- Reiskoste en ander toelaes word betaal. Kerkraad dra 50% van mediese fonds by.
- ‘n Pastorie met betaalde munisipale dienste en ‘n tuin wat deur die gemeente onderhou word, is deel van die voordele.

Aansoeke:

- Alle aansoeke moet vergesel word van ‘n CV nie langer nie as drie A4 bladsye en moet vier verwysings insluit waarvan ten minste twee gemeente - of kerkraadslede moet wees.
- Die beskikbaarstelling van ‘n digitale opname van ‘n onlangse preek tydens ‘n erediens ooreenkomstig die bogenoemde posbeskrywing - slegs indien u daarvoor gevra word.
- ‘n Onlangse foto en/of familiefoto asook ‘n afskrif van die ID.
- Dien alle aansoeke in deur ‘n toepaslike e-pos te stuur aan: kantoor@ngkrokodilrivier.co.za.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en ‘n preekbeurt gedurende April/Mei 20 soos met die applikant gereël sal word.
- Psigometriese toetse kan moontlik aangevra word.

Aansoeke sluit om 10h00 op *16 Maart 2020* en diensaanvaarding is gedurende Julie of Augustus 2020 – afhangende van die omstandighede van die suksesvolle aansoeker.

Navrae:
Santie Uys (Kerkkantoor) 012 252 252 6021
Francois Hanekom (Voorsitter Kerkraad) 082 851 7894